


10 SEPTEMBER 2026
JAARGANG 19 – UITGAWE 35

## Here, rig ook ons aksies...

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) het op 3 en 4 September 2026 weer in die raadsaal van Gemeente Philadelphia bymekaargekom. Soos gewoonlik is die vergadering met sang, Skriflesing en gebed geopen. Dr Frikkie Labuschagne se woorde het my bygebly: *Dit wat ons die studente leer en waartoe ons hulle aanmoedig, moet ons tog ook self doen.* Die lede van die Kommissie het stil geword voor God en saam gebid: *Here, rig ook ons aksies*.

Dr Labuschagne redeneer dat die waardes wat teologiestudente leer om die Kerk met geloof, kreatiwiteit en hoop te dien, ook in ons eie optrede sigbaar moet word. Hierdie waardes vra iets van ons; dit vra dat alles wat ons doen deur die leiding van die Heilige Gees gevorm word. Ons moet nie net oor die toekoms van die Kerk praat nie; ons eie lewens, en uiteindelik ook ons aksies, moet volgens die leiding van die Heilige Gees ingerig wees.

Tydens die gesprek rondom Wandel in die Woord is dit nog eenvoudiger verwoord: Gestel iemand kyk deur jou gemeente se vensters. Wat sal daardie persoon sien? Sal die persoon 'n gemeenskap sien wat vrolik en vol hoop is? Sal die persoon 'n Kerk sien wat, te midde van die Suid-Afrikaanse werklikheid, steeds kies om haar aksies volgens koninkrykswaardes in te rig?

Ds Gerhard Stoltz het die vergadering se gedagtes in 'n nuwe rigting gestuur. Hy het geredeneer dat dit wel belangrik is wat mense binne die kerkgebou sien, maar wat sien hulle wanneer ons daar wegstap? Die identiteit wat ons binne die kerkgebou bely, mag nie by die deur agterbly nie. Die gesindheid waarmee ons mekaar in die gemeente ontmoet, behoort saam met ons die wêreld binne te gaan. Die vroeë volgelinge van Jesus het met 'n besondere dringendheid geleef. Hulle het geglo dat die evangelie nie bloot 'n boodskap was wat gehoor moes word nie, maar 'n werklikheid wat hulle lewens verander het. Daar was 'n dringendheid wat hul aksies bepaal en hul lewens ingerig het. Die belangrike vraag wat gestel is, is of ons dieselfde dringendheid as die vroeë volgelinge van Jesus ervaar.

Dit is juis waarom *Ons bou saam!* meer as net 'n mooi leuse van die Kommissie is. Om saam te bou, vra aksie. En hierdie aksie kan nie bloot uit menslike planne en strategiese denke voortspruit nie. Ons moet telkens bid: *Here, rig ook ons aksies*. Maar wie is die *ons*? Die *ons* is nie net die lede van die Kommissie van die AKV nie. Dit is nie net die ampsdraers van die Hervormde Kerk nie. Die *ons* is die Kerk van Jesus Christus. Daarom kan ons almal bid dat die Here ons aksies sal rig.

Die leuse *Ons bou saam!* begin reeds wortelskiet. Dit word sigbaar in die gesprekke en visitasies met ringskommissies. Maar die leuse moet uiteindelik meer as net 'n gesprek tussen strukture wees; dit moet 'n leefwyse word. Daarom moet die bemoediging en kreatiwiteit wat tydens die gesprekke tussen die Kommissie van die AKV en die ringskommissies na vore kom, uiteindelik ook uitgeleef word. Wat ons saam bespeek, moet tot daadwerklike optrede lei. Om saam te bou, beteken nie net dat ons meer moet doen nie; dit beteken ook dat ons moet leer om dinge anders te doen, ons aksies vanuit ons roeping te rig en uitdagings met geloof en kreatiwiteit te benader.

Daarom rig die Kommissie van die AKV saam met die Kerk die volgende gebed: *Here, rig ook ons aksies.*

**Ds Iwana Kruger**
(Pretoria-Oos/NHKA-joernalis)

### VINNIGE NUUS


- LIEF EN LEED
- VERJAARSDAE
- VERGADERINGS
- GEMEENTES EN BEDIENING
- WERKGELEENTHEDE
- KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES
- KOM KYK EN LUISTER SAAM
- LIED VAN DIE WEEK
- 'N GEDAGTE (GEEN)
- FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE
- SP ENGELBRECHT-MUSEUM
- TOERUSTING
- BARMHARTIGHEID
- GEBED VIR DIE WEEK


"Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief *hier* vir meer inligting en voorwaardes."

"Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings wat deur skrywers uitgespreek word, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie."

www.nhka.org | Stuur nuus, berigte en kort kommentaar na: **taal@nhk.co.za** | Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos aan: **bladuitleg@nhk.co.za / grafies@nhk.co.za**

## LIEF EN LEED

**Ds Hannes Jansen van Rensburg** (beroepafwagtend) se seun, **Janco**, het onlangs twee goue medaljes tydens die Tenshinkan SA Nasionale Kampioenskappe verwerf. Baie geluk, Janco!

**Ds Hannes van der Merwe** (Pretoria-Oos) het die afgelope naweek **erelidmaatskap** van **SAKOV** (Suid-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrelistevereniging) ontvang. Ds Van der Merwe is vir sy jare lange toewyding en waardevolle bydrae tot kerkmusiek vereer. Baie geluk!

**Ds Hennie Louw** (Drie Riviere) se **troosdiens** vind op Vrydag 11 September om 11:00 in Gemeente Drie Riviere plaas. **Bevestig asseblief u teenwoordigheid** per WhatsApp aan Lizelle Louw by 083 601 3328.

Die **Kommissie van die AKV** het tydens hul vergadering van die volgende kerknuus kennis geneem:

- **Oudl Marthinus Louw se skoonma** is oorlede. Dr P van Staden (Paarl) het op 29 Augustus die troosdiens waargeneem.
- **Ds GS de Beer** het 'n operasie aan sy arm ondergaan.
- **Oudl Hannes Venter se ma** is ernstig siek.
- **Mnr Johan en mev Clarika Hattingh** word gelukgewens met **hul seun, JD Hattingh**, wat deel van die Junior Springbokke was wat die Wêreldbeker gewen het.
- **Dr FJ Labuschagne** word gelukgewens met sy **seun se troue** op 5 September 2026.

## VERJAARSDAE

Die volgende predikante verjaar tot **16 September**. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.

| Vrydag 11 September | Maandag 14 September | Dinsdag 15 September |
|---|---|---|
| **Ds APJ (Dries) Beukes** Emeritus | **Dr HJ (Hennie) Botes** Emeritus/ Buffelspoort | **Ds PDM (Pieter) le Roux** Christiana/ Molopo/ Vaalharts) |

## VERGADERINGS

| Maandag 14 September | Vrydag 18 September | Saterdag 19 September |
|---|---|---|
| **Bestuurskomitee** | **Beleggingskomitee** | **NHSV-Hoofbestuur** |

## GEMEENTES EN BEDIENING

**Dr AG (André) Ungerer** (emeritus/ Pretoria-Oos) het 'n **beroep** na Gemeente Wesmoot (deeltyds) ontvang.

Die **Eendrachtkring** vier op 17 September sy 40ste bestaansjaar. Die geleentheid vind by Gemeente Wonderboompoort plaas.

**Gemeente Outeniqua** vier van 18 tot 20 September haar **50ste bestaansjaar** met 'n propvol program. Ons wil graag die oudlidmate nooi om die geleentheid saam met ons te vier.

| | |
|---|---|
| Vrydagaand 18 Sept: | Bring-en-eet storieaand onder die tente |
| Saterdag 19 Sept: | Boere-ete en onthulling van die tydkapsule ter viering van die 50ste bestaansjaar |
| Sondag 20 Sept: | Feesdiens |

Kontak **ds Pierre Jacobs** by 082 414 4325.

## WERKGELEENTHEDE

**Bedieningsruimte: Gemeente Panorama** wat uit die gemeentes Witrivier, Sabie en Hazyview saamgesmelt het, nooi aansoeke van gelegitimeerde en geëmeriteerde predikante van die NHKA om **'n deeltydse bedieningsruimte** te vul.

Kontak **ds Willem Breytenbach** by 083 701 9852 of **Jurie Snyman** by 013 750 1070 vir meer inligting. Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV, moet per e-pos aan ds Breytenbach by **willem.breytenbach@outlook.com** gestuur word.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2026. Klik gerus *hier* vir die volledige beskrywing van die pos.

**Rekenmeester: Grootboeke**

Die **Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA)** nooi geskikte en dinamiese kandidate uit om aansoek te doen vir die pos van **Rekenmeester: Grootboeke**.

Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die bestuur en beheer van die NHKA se finansiële transaksies en rekonsiliasies rakende grootboeke, kontrolerekeninge, beleggings, trustrekeninge, asook finansiële verslagdoening. Die rol vereis 'n persoon met sterk tegniese rekeningkundige kennis, uitstekende aandag aan detail en die vermoë om finansiële prosesse voortdurend te verbeter.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 1 Oktober 2026. Klik gerus *hier* vir die volledige beskrywing van die pos.

## KERKLIKE EN ANDER PUBLIKASIES




**Die Kerkkalender vir 2027** wat deur die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei is, is *hier* op die Kerk se webblad beskikbaar.

Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte of elektroniese formaat onder hul lidmate versprei. U kan ook die kerklike feesdae *hier* aflaai.







## KOM KYK EN LUISTER SAAM

kyk *hier*

Die *Bybelse Dagboek* se **dagstukkie** is nou ook op Donderdae in **videoformaat** op sosiale media beskikbaar. Kyk gerus *hier* saam na die afgelope week se plasing. Onthou ook dat die dagstukkie daagliks op Facebook in teksvorm gedeel word.

kyk *hier*

Ons weeklikse **Blitsflits** word aangebied deur **Lane Truscott**. Klik *hier* vir die weergawe. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is op sosiale media en YouTube beskikbaar.

## LIED VAN DIE WEEK

luister *hier*

**Lied 168**

Heilige Jesus,
Heer van die here,
U is verhoog tot die hemeltroon.
Ons bring U ere,
Christus, die Here!
Met heerlikheid is U gekroon.

Mooi is die aarde,
dit het groot waarde,
maar is gering voor u grootheid, Heer.
U is ons lewe,
U is ons vrede.
U Gees moet ons hier lei en leer.

U is die Alfa
en die Omega.
U kom en elkeen sal U kan sien.
U is die Eerste.
U is die Laaste.
Die ganse skepping sal U dien.

### Heilige Jesus – *Schönster Herr Jesu*

*Schönster Herr Jesu*, of *Heilige Jesus*, is 'n lied met 'n ryk geskiedenis wat terugstrek na 1677. In die bekende Afrikaanse verwerking van Izak de Villiers bly die kernboodskap onveranderd: Jesus Christus is verhewe bo alles wat mooi, goed en kosbaar is.

Die lied kyk na die prag van die skepping – die son, maan en sterre – maar bely dan: Jesus is heerliker. Die wêreld kan ons verwondering en vreugde bied, maar dit kan ons nie red of ware vrede skenk nie. Daar is slegs Een wat ons hele hart opeis.

Daarom is hierdie lied meer as net 'n lofprysing; dit is 'n belydenis van onderwerping. As Jesus die Alfa en die Omega is, kan Hy nie bloot 'n deel van ons bestaan wees nie – Hy moet die middelpunt wees. Sy heerskappy word sigbaar in die gewone dinge: ons werk, ons denke en ons verhoudings. Die deurslaggewende vraag is: *Verheerlik ek Hom in my handel en wandel?* Dit bring ons by 'n veeleisende waarheid: Christus is nie net die Een wat ons aanbid nie; Hy is die Een wat ons hele lewe regeer.

Die tydlose skoonheid van hierdie melodie word ook roerend vasgevang in die bekende film *As It Is in Heaven* (*Wie im Himmel).* In 'n deurslaggewende toneel sing die dorpskoor hierdie lied (onder die Sweedse titel *Härlig är jorden*) as 'n kragtige simbool van hul nuutgevonde eenheid en genesing.

Mag ons nie net oor sy heerlikheid sing nie, maar mag ons lewens daarvan getuig. Mag ons woorde sy goedheid weerspieël en ons dade sy liefde sigbaar maak. Mag die Heilige Jesus in alles die eerste en die laaste wees.

Kyk *hier* na die lied *Härlig är jorden*.

**Ds Mariët Robbertze**
(Kempten)

## FONDSINSAMELINGS EN KERKSAKE

*vertel* ons

Vertel ons asseblief van **geleenthede** by jul gemeentes. Stuur asseblief die besonderhede na: **taal@nhk.co.za**.

**18 SEP — GEMEENTE PHALABORWA: MANNE VAN DIE WOORD**

Kom geniet 'n gesellige aand saam met ons en slaap oor op 'n boot. Ons gaan kuier, braai en saamgesels oor God se Woord.

- R350 wat aandete en 'n ligte ontbyt insluit. Bring u eie limonade.
- Kambaku River Safari's
- 079 307 6892 (Mornay)

**30 SEP SLUIT — GEMEENTE DULLSTROOM**

Koop 'n lootjie en staan 'n kans om een van drie vakansies te wen. Kaartjies kan by die gemeente gekoop word deur 'n inbetaling in die gemeente se bankrekening te doen.

**Bankbesonderhede**: FNB, rekeningnommer: 62049581516. Gebruik asseblief u naam as verwysing.

- Bewys van betaling aan 082 839 5669 (Hannetjie) om u kaartjienommer te ontvang.

**9 OKT — GEMEENTE SELCOURT: GHOLFDAG**

Gholfkarretjies en heerlike middagete is ingesluit.

- R2 850 per vierbal
  R1 000 borggeld per bof
- Pollakpark Gholfklub
- 072 260 1415 (ds Dalene)

**10 OKT SLUIT — GEMEENTE OOS-MOOT**

Wen 'n vakansie vir ses persone (vier volwassenes en twee kinders onder 12 jaar) in 'n selfsorgeenheid by Dikhololo in die Brits-distrik van 7 tot 11 Desember 2026. Die trekking vind tydens Gemeente Oos-Moot se Magaliesfees op 10 Oktober 2026 plaas.

- Kaartjies kos R100 per inskrywing.
- E-pos **kompetisie.nhk.oosmoot@gmail.com** vir meer besonderhede.

**24 OKT — GEMEENTE KEMPTON PARK-OOS: BIKES & BEETLES-BASAAR**

Kom deel, verkoop en geniet 'n fantastiese dag vol pret vir die hele gesin.

- 082 924 7344 (ds Anneline)

**30 en 31 OKT — GEMEENTES KURUMAN, KATHU EN POSTMASBURG: KALAHARI-KUIER IN AFRIKAANS**

Kom luister na 'n propvol verhoogprogram met Eloff, Die Piesangskille, Zaan Sonnekus, Spoegwolf, GnT, Riaan Rust, Leon Cremer, Min-Gespin, Hennie de Bruyn en die Kitaar Kêrels, asook Kathu se plaaslike TMC Band.

Maak 'n draai by die kuiertent. Kom geniet twee dae van musiek, kuier, lekker kos en egte Afrikaanse gees onder die Kalahari-son!

Besoek **www.kkak.org.za** vir meer inligting, kaartjies, uitstal- en kosstalletjiebespreking.

- Sivos Sportgronde, Kathu

## SP ENGELBRECHT-MUSEUM




## TOERUSTING




## BARMHARTIGHEID

klik *hier*

Klik asseblief *hier* vir meer inligting oor seniorbehuising en -versorging.

## GEBED VIR DIE WEEK

Here God,
ek wil nou my kommer laat staan oor al die dinge in my lewe wat ek nie kan verander nie, en U toelaat om u vrede en kalmte in my lewe te ontplooi. Ek is bereid om op u antwoord te wag.
Amen.

Uit: Jy is myne deur Nina Smit


| REDAKTEUR | SUBREDAKTEUR | KOÖRDINEERDER | UITLEGKUNSTENAAR | JOERNALIS |
|---|---|---|---|---|
| Ds David Barnard | Ds Mariët Robbertze | Mej Sanet du Plessis | Mnr Hugo van Niekerk | Ds Iwana Kruger |